FIBRETRACK
BKB Ltd. Wool & Mohair Market Reporting Service
AWEX-ID Market Information Licensee

WOLMARKBERIG – 10 MAART 2010

WOLMARK IN KOPERSGUNS

Op die 24ste wolveiling van die 2009/2010 seisoen het die merinowolmarkaanwyser met 2.5% gedaal en op 6082c per kg skoon gesluit. Dit is ongeveer 35% hoër as 'n jaar gelede met die Rand wat tans 28% sterker verhandel teenoor die Amerikaanse Dollar vir die ooreenstemmende periode.

Die versterking van die Rand het weereens 'n dalende tendens tot gevolg gehad in wolpryse. Ten spyte van die daling is pryse nog steeds op 'n hoë vlak in vergelyking met 'n jaar gelede. Pryse op kortwol, lox en minderwaardige tipes wol was duidelik meer onder druk en het met 3 tot 5% gedaal.

Die grootste kopers op die veiling was Standard Wool (3,185 bale), Lempriere South Africa (1,902 bale), Stucken (1,740 bale). Van die 9,394 bale wat aangebied is, is 9,240 verkoop (98,4%).

Die prysaanwysers vir die onderskeie mikronkategorieë was soos volg: 17.0 mikron – 8275 (-1.2%); 18 mikron – 7625 (-0.7%); 19 mikron – 7144 (-1.4%); 20 mikron – 6488 (-3.0%); 21 mikron – 6338 (-2.7%); 22 mikron – 6238 (-2.3%); 23 mikron – 6150 (-1.6%); 24 mikron – 5550 (-2.6%); 25 mikron – 4800 (-3.0%).

Die hoogste pryse van verkoopte wol op die BKB veiling was:

TOP 10 BKB PORT ELIZABETH							
Naam	**Area**	**Besk.**	**AWEX Tipe**	**Mic**	**Skoon**	**NKT**	**Vet Pryse**
1. Graeme Byers	Dordrecht	BH	MWF4E.72	16.2µ	66.2%	44	6430c
2. Graeme Byers	Dordrecht	AH	MWF4E.89	16.5µ	66.6%	34	6220c
3. Graeme Byers	Dordrecht	BNKS	MF5E.82	17.3µ	69.1%	37	5620c
4. JJ Le Roux	Smithfield	AH	MWF4S.90	18.1µ	73.0%	37	5575c
5. Stefan Naude Trust	Hanover	AH	MWF4B.84	18.3µ	72.8%	33	5485c
6. JJ Le Roux	Smithfield	BH	MWF4S.75	18.5µ	72.6%	35	5415c
7. Stefan Naude Trust	Hanover	BH	MWF4B.76	17.8µ	69.2%	45	5365c
8. JJ Le Roux	Smihfield	CL	MWF5S.64	18.0µ	71.4%	45	5315c
9. WS Pienaar	Graaff-Reinet	AH	MWF5E.80	17.2µ	64.9%	36	5315c
10. Stefan Naude Trust	Hanover	CL	MWF4B.67	17.3µ	69.1%	47	5295c
TOP 5 BKB DURBAN							
1. Othard J Klingenberg	Wakkerstroom	BH	MWF5E.93	16.1µ	69.4%	26	6000c
2. Othard J Klingenberg	Wakkerstroom	AH	MWF5E.93	16.8µ	70.4%	33	5990c
3. Othard J Klingenberg	Wakkerstroom	BY	MP5E.87	17.0µ	68.9%	30	5765c
4. Othard J Klingenberg	Wakkerstroom	AY	MP5E.81	17.4µ	70.7%	31	5735c
5. Othard J Klingenberg	Wakkerstroom	BFY	MWF5E.78	17.3µ	69.0%	37	5675c

BKB wil graag bogenoemde kliënte gelukwens met hul prestasies.

Die volgende veiling Kat. P25 sal op 17 Maart 2010 plaasvind.

Kontak BKB Bpk se Veselbemarking-afdeling vir verdere inligting.
For further information contact the BKB Ltd Fibre Marketing Division.
Tel: 041 503-3111 Fax: 041 503-3390 Internet Adres: www.bkb.co.za